

HOOFSTUK 1

ORIËNTERING, PROBLEEM- EN DOELSTELLINGS EN METODOLOGIESE VERANTWOORDING

1.1 INLEIDENDE ORIËNTERING

In hierdie hoofstuk word in hoofsaak aangetoon waarom hierdie navorsing aktueel en noodsaaklik is en watter metodes aangewend is om die probleem op te los en die gestelde doelstellings te bereik.

1.2 KONTEKS EN AGTERGROND

Wydverspreide onrus in swart woongebiede, asook konflikgeoriënteerde gedrag by swart kinders soos stakings, brandstigting en oproer, is tans in Suid-Afrika 'n kommerwekkende verskynsel. Besorgdheid oor hierdie disharmoniese verskynsels in die samelewing was onder andere een van die dryfvere vir hierdie navorsing.

Uit navorsingsresultate blyk dit dat gesonde ouer-kind-opvoedingsverhoudinge 'n waarborg vir stabiliteit en vooruitgang in die gemeenskapslewe is (Anon, 1986:4 ; Pretorius, 1988:35). In die harmoniese gesin word die intiemste verhouding van liefdevolle verbondenheid tussen ouer en kind voltrek. Die kind leer saamlewe met gesinslede, hy leer wat wedersydse respek en onbaatsugtigheid is en hy as mens word gevorm tot uiteindelijke selfstandige en suksesvolle sosiaal-maatskaplike oriëntering. Die ouer-kind-opvoedingsverhouding vorm die basis van toekomstige selfstandige en gebalanseerde optrede in 'n komplekse samelewing (Griessel, 1975 ; Landman, 1983 ; Postma, 1985 ; Postma, 1987 ; Verster, s.a.). Daar kan dus met reg by prof. Francis Bosman - raadslid van die RGN - aangesluit word as sy sê dat die meeste van die sosiaal- ekonomiese probleme wat in die gemeenskap ondervind word, herlei kan word na disharmoniese tendense in die gesin (Wolfaard, 1987:26).

Sover vasgestel kon word, is daar nog geen empiriese vergelyking getref tussen gesinsverhoudinge binne en buite onrusgeteisterde swart gebiede nie. Daarom word 'n empiriese ondersoek in hierdie navorsing uitgeoefen met die hoofdoel om vas te stel in watter mate gesonde ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in kerngesinne in die swart dorp Ikageng - net buitekant Potchefstroom - (nie) tot hulle reg kom (nie). Om 'n verwysingsraamwerk te hê waarteen die bevindinge van die empiriese ondersoek getoets kan word, sal 'n uitgebreide literatuurstudie onderneem word wat die teoretiese beginsels van gesonde ouer-kind-opvoedingsverhoudinge blootlê (paragraaf 2.7). Die ouer-kind-opvoedingsverhoudinge soos in hoofstuk 2 uiteengesit, is dan soos wat dit teoreties en onder ideale omstandighede waarskynlik buite onrusgeteisterde swart woongebiede voorkom.

Binne dáárdie swart gesinne waar ouers nog oorwegend tradisievas is, bestaan daar dikwels ontoereikende opvoedingsverhoudinge as gevolg van onontwikkelde ouers wat geen begrip vir die jonger, verwesterde geslag het nie. Aan die ander kant is dit egter so dat hedendaags heelwat swart ouers in só 'n mate verwesters het, dat ongeletterdheid nie noodwendig as die oorsaak van ontoereikende ouer-kind-opvoedingsverhoudinge aanvaar kan word nie. Die vraag ontstaan verder of daardie swart ouers wat wel nog swak- of ongeletterd is, noodwendig ontoereikend in hul verhouding teenoor hulle kinders staan. Ander faktore as net ongeletterdheid, wat moontlik tot ontoereikende ouer-kind-opvoedingsverhoudinge aanleiding gee, moet dus ook in aanmerking geneem word (paragraaf 3.5.4). In die lig hiervan sal die ontwikkelingsvlak van dáárdie ouers binne kerngesinne wat deel uitmaak van die empiriese ondersoek, vasgestel word (Bylae B, Afdeling A, vrae 11.1, 11.2, 13.1 en 13.2).

Verskeie faktore sal in ag geneem word tydens die uitvoer van die empiriese ondersoek. Die invloed wat die Christendom, die Westerse kultuur en die proses van verstedeliking op die tradisionele swartman gehad het, is die faktore waarmee in hierdie navorsing rekening gehou word wanneer die situasie rondom

ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in die hedendaagse swart gesin ondersoek word. Onder invloed van hierdie faktore het daar oor 'n lang tydperk grootskaalse akkulturasie onder die swartmense plaasgevind (Van der Walt, soos aangehaal deur Gazendam, 1990:2). Dat die swartmense se lewens- en wêreldbeskouing, hul samelewingsbeskouing - waaronder die gesinslewe - en hul opvoedingsgedagtes onder invloed van hierdie faktore drastiese veranderinge ondergaan het en steeds ondergaan, is 'n feit. Luthuli (1981:54) stel dit soos volg: "When Blacks settled in urban areas and on White-owned farms their traditional behaviour patterns were further transformed, which in turn affected the education of the young generation."

Dat alle swartmense in hierdie stadium al volkome verwesters het, is egter onwaarskynlik (Gazendam, 1990:2). Volgens kenners verkeer 'n groot getal van die hedendaagse swartmense in 'n oorgangsfase tussen die tradisionele swart godsdiens en kultuur en die Christelik-Westerse (Van der Walt & Postma, 1987:108). Woudstra (1973:33) beweer dat die Tswana in krisisoomblikke teruggryp na sy tradisionele denke en optrede. Alvorens die hedendaagse verstedelike swartman egter begryp kan word, is dit allereers noodsaaklik om die swartmens in sy tradisionele milieu te ken (hoofstuk 3). Waar die gesin die universele sosiale eenheid van 'n samelewing vorm, waaruit alle ander sosiale strukture voortvloei, is dit ook belangrik om kortliks te let op die verskillende gesinstipes wat bestaan - met spesifieke verwysing na die kerngesin aangesien dit die gesinstipe is wat die meeste in die hedendaagse samelewing voorkom (Anderson & Lindeman, 1930:333).

Die moderne omwenteling van industrialisasie en verstedeliking - ná die Industriële Revolusie - het in verskeie opsigte vir die swartmense van Suid-Afrika tot gesinsdisorganisasie gelei (Edwards, 1990:2). Die verwantskapsisteem en die uitgebreide gesin het onder andere verval, wat daartoe gelei het dat familieledede nie meer so naby aan mekaar woon nie. Die ondersteunende rol en korrektiewe invloed van verwante - veral

wat betref die opvoeding en dissiplinering van die kinders - het in die stedelike opset verdwyn (Edwards, 1990:2). Hierdie toedrag van sake bemoeilik die proses van opvoeding en dissiplinering vir die swart ouer in die stad. Verder is die meeste van die swart ouers in die stede vanweë die hoë lewenskoste verplig om beroepsarbeid te verrig (Van der Walt, s.a.:11 ; Hlatshwayo, 1988:6 ; Edwards, 1990:56). As gevolg van die lang afstande wat beide ouers dikwels werk toe moet aflê en die lang ure wat die kinders as gevolg daarvan alleen by die huis gelaat word, ontbeer baie swart kinders in die stede voldoende gesinsondersteuning (Coetzee, 1985:42). Die verhouding tussen ouer en kind sal noodgedwonge onder sodanige omstandighede skadelik ly.

Verder is dit soms die geval dat ouers en hul kinders nie op dieselfde vlak van ontwikkeling verkeer nie - bloot omdat die kinders in die Westers-georiënteerde skole met Westerse idees in aanraking kom, terwyl die ouers nooit die geleentheid gehad het om opleiding te ontvang nie. In sommige gevalle kyk kinders neer op hulle ouers as gevolg van laasgenoemde se swak opleiding. Die kulturele, sosiale en ekonomiese waardes van die ouerhuis verskil dikwels van dit wat in die skool oorgedra word (Van der Walt, 1986:7). In sulke gevalle bestaan daar geen gemeenskaplike denke, insigte en belangstellings tussen ouers en kinders nie (Steyn et al., 1990:300). Die situasie soos wat dit sopas geskets is, kan uiteraard ook tot disharmonie in die verhoudinge tussen ouers en kinders lei (vergelyk Bylae B, Afdeling A, vrae 11.1 en 11.2, asook Afdeling B, vraag 15).

Uiteindelik gaan gepoog word om met hierdie navorsing aan te toon hoe gesonde ouer-kind-opvoedingsverhoudinge moontlik riglyne kan bied vir die herstel van disharmoniese gesinsverhoudinge in die onrusgeteisterde swart gebiede van Suid-Afrika.

1.3 AKTUALITEIT VAN DIE NAVORSING

Suid-Afrikaners woon in 'n multi-kulturele land en kennis van

grondmotiewe, lewensvisies, denkpatriene en opvoedingsfilosofieë wat ten grondslag van 'n ander persoon of groep se dade lê, kan lei tot wedersydse begrip vir mekaar (Van der Walt, 1976:2).

Die swartmense woon en werk tussen die blankes en waar die swartmense die grootste rassegroep in die land vorm, kan dit net tot algemene voordeel strek as daar meer lig gewerp kan word op die manier van dink en doen van hierdie mense. Sodoende kan die opvoedingsgedagtes van die swartmense ook begryp word en kan hulp verleen word waar verwestering en die proses van verstedeliking ontwigting gebring het wat betref die verhouding tussen ouer en kind. Volgens die direkteur van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Sosiologiese, Demografiese en Kriminologiese Navorsing van die RGN, dr. J.M. Lötter, is die gesin een van die belangrikste instellings in die samelewing (Strijdom & Van der Burgh, 1980:1). Die godsdienstige, kulturele en opvoedkundige grondslae van 'n volk of gemeenskap word in die gesin gelê en die gesin word dan ook beskou as die primêre opvoedkundige en sosiale instelling in die gemeenskap (Fourie, 1975:1).

Die harmoniese gesin waar gesonde ouer-kind-opvoedingsverhoudinge heers, is die oefenskool vir uiteindelijke selfstandige en suksesvolle optrede in die samelewing. Dit is immers in die gesin waar die kind menslike verhoudinge leer ken; hier leer hy dat selfopoffering, toewyding en liefde die menslike lewe en veral die verhoudingslewe van die mens verryk. Deur suksesvolle medemenslike verhoudinge, word stabiliteit en vooruitgang in die gemeenskapslewe gewaarborg (Pretorius, 1988:35).

Waar harmonie in die gesinslewe ontbreek, kan daar moeilik van toereikende ouer-kind-opvoedingsverhoudinge sprake wees. Ontoereikende ouer-kind-opvoedingsverhoudinge kan op sy beurt weer lei tot onstabiele verhoudinge in die samelewing. Fourie (1975:2) onderstreep hierdie stelling soos volg: "Gesonde gesinslewe is noodsaaklik vir 'n gesonde gemeenskapslewe en wanneer die gesin met verval bedreig word, word die gemeenskap met ondergang bedreig." Aan die ander kant, kan toereikende, of

gedeeltelik-toereikende ouer-kind- opvoedingsverhoudinge temperend en stabiliserend inwerk op onstabiele (politieke) verhoudinge in die samelewing.

Navorsing wat poog om riglyne te gee vir beter gesinsverhoudinge, is dus op die voorgrond van vredesbevordering en stabiliteit in Suid-Afrika waar daar tans soveel geweld en opstand heers. Die blootlê van gebrekkige opvoedingsverhoudinge in swart gesinne kan 'n kennisbasis bied vir die hantering van geweld in die gemeenskap. Gebrekkige verhoudinge tussen swart ouers en kinders wat blootgelê word, kan deur verantwoordbare opvoeding reggestel word. Deur verrykingskursusse kan swart ouers toegerus word om hulle kinders opvoedkundig verantwoordbaar op te voed.

Gesien teen die agtergrond van die vryheidsonderhandelinge wat die afgelope tyd dwarsdeur die land hoop laat opvlam het (Mischke, 1991:1-2), is 'n ondersoek na moontlike oorsake vir die onvrede en geweld wat in so baie van die swart woongebiede heers, uiters aktueel.

1.4 NOODSAAKLIKHEID VAN DIE NAVORSING

Teen die agtergrond van onrus en 'n tendens van disharmonie en opstand teen alle vorme van gesag (ook en veral ouerlike gesag), word ware en egte opvoedingsverhoudinge tussen ouer en kind as 'n moontlike sleutel tot toekomstige harmoniese gemeenskapsverhoudinge beskou. Verantwoordbare opvoedingsverhoudinge in swart gesinne kan dus lei tot meer stabiele swart gemeenskappe en eindelik tot beter nasionale verhoudinge.

Waar baie hedendaagse swart ouers 'n gesagskrisis in hulle opvoedingswerk ervaar (paragraaf 3.5.4.3), is navorsing wat tot moontlike oorsake vir hierdie toedrag van sake aanleiding gee, gebiedend noodsaaklik. Ook die dorp Ikageng beleef telkens spanninge en woelinge - vermoedelik onder andere vanweë ontoereikende verhoudinge tussen ouer en kind. In die lig hiervan is die bevindinge wat in hierdie navorsing gemaak word

nie slegs uiters aktueel nie, maar ook dringend noodsaaklik.

1.5 PROBLEEMSTELLING

In die lig van die voorafgaande agtergrondskets en 'n uiteensetting van die aktualiteit en noodsaaklikheid van hierdie navorsing, is die volgende probleemvrae vir die doeleindes van genoemde navorsing gestel:

- 1.5.1 Wat behels gesonde ouer-kind-opvoedingsverhoudinge fundamenteel-opvoedkundig bekyk?
- 1.5.2 Wat is die situasie - teoreties beskou - ten opsigte van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge met spesifieke verwysing na die Derde Wêreldkomponent van Suid-Afrika?
- 1.5.3 Hoe lyk hierdie situasie in kerngesinne in die swart dorp Ikageng?
- 1.5.4 Hoe kan 'n fundamenteel-opvoedkundige presisering van gesonde (ware en egte) ouer-kind-opvoedingsverhoudinge 'n bydrae lewer tot beter gesinsverhoudinge, 'n hoër lewensgehalte en stabiliteit in 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika?

1.6 NAVORSINGSDOELSTELLINGS

Die doelstellinge van die navorsing is om:

- 1.6.1 vas te stel hoe gesonde ouer-kind-opvoedingsverhoudinge, fundamenteel-opvoedkundig beskou, daar uitsien;
- 1.6.2 'n oorsig te gee van die literatuur wat handel oor ouer-kind-opvoedingsverhoudinge, met spesifieke verwysing na Suid-Afrika se Derde Wêreldkomponent;

- 1.6.3 vas te stel hoe die ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in kerngesinne in die swart dorp Ikageng daar uitsien;
- 1.6.4 aan te toon in watter mate gesonde ouer-kind-opvoedingsverhoudinge 'n bydrae kan lewer tot 'n beter lewensgehalte in Suid-Afrika.

1.7 AFBAKENING VAN DIE NAVORSINGSTERREIN

1.7.1 Inleiding

Alhoewel hierdie navorsing by uitstek fundamenteel-opvoedkundig van aard is (paragraaf 1.7.3.1) word daar wel van sosio-, psigo- en histories-opvoedkundige insigte, resultate en metodes gebruik gemaak. Dit word egter gedoen sonder om die terreine van hierdie deelwetenskappe van die opvoedkunde te betree.

1.7.2 Religieuse uitgangspunt

Die lewens- en wêreldbeskouing van 'n mens is die geheel van oortuigings en antwoorde op fundamentele vrae aangaande God (of afgod), mens en wêreld - afsonderlik en in samehang (Van der Walt & Dekker, 1983:13 ; Stoker, 1961:145). Elke mens het sodanige oortuigings wat religieus bepaal is en wat sy denke en dade rig en lei; ook in die beoefening van die Opvoedkunde as wetenskap. Só ontleen die Opvoedkunde sy fundamentele sin, doel en taak aan 'n bepaalde opvoedkundige se lewens- en wêreldbeskouing; geen wetenskap kan dus religieus neutraal beoefen word nie (Stoker, 1961:146).

Hierdie navorsing word deurgaans beoefen vanuit die Christelike religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing; deur die genade van God in Christus in gemeenskap met die Heilige Gees (Schoeman, 1983:12). Vir die Christen is God absoluut en soewerein en daarom word die Opvoedkunde - net soos alle ander menslike handeling en bemoeienisse met die skepping, doelbewus na God ontsluit en aan Hom gewy (Van der Walt, 1990a:250).

Deeglike kennis van 'n bepaalde oortuigingsraamwerk - in hierdie geval die Christelike benadering, is noodsaaklik ten einde 'n Skriftuurlik verantwoorde produk te verseker. Om hierdie rede word in hoofstuk 2 verwys na die Christelik-opvoedkundige benadering en hoe dit van toepassing is op hierdie navorsing.

1.7.3 Wetenskapsteoretiese afbakening

1.7.3.1 Fundamentele Opvoedkunde

Die Fundamentele Opvoedkunde werk met die fundamenteelste vrae met betrekking tot die Opvoedkunde en die opvoeding (Van der Walt, 1980:85). Dit werk met beginsels, norme, uitgangspunte, vertrekpunte en grondslae van opvoeding en opvoedkunde en besin oor die wese, doel en sin daarvan.

Die feit dat hierdie navorsing oor drie van die vier grondslae van Christelike opvoeding handel, naamlik die ontologie (waaronder die Godsbegrip, die wet van God en die kosmologie), antropologie en samelewingsleer, laat geen twyfel oor die fundamenteel-opvoedkundige aard van die studie nie (Van der Walt, 1983c:25-26). Verder handel hierdie navorsing by uitstek oor ouer-kind-opvoedingsverhoudinge en word daar deurgaans besin oor die wese en doel van opvoeding, oor die opvoedeling, die opvoeders, en oor die siening van senioriteit, gesag en dissipline; alles aspekte wat die verhouding tussen ouer en kind direk beïnvloed.

1.7.3.2 Sosiologiese Opvoedkunde

Die Sosiologiese Opvoedkunde handel oor die begeleiding van die kind ten opsigte van die sosiale (Pretorius, 1988:4). Dit beteken dat die kind opgevoed word tot toereikende saamleef op alle vlakke van die samelewing om uiteindelik die mees intieme én die mees saaklike sosiale verhoudinge suksesvol te hanteer.

Dit gaan in die Sosiologiese Opvoedkunde verder om twee

wesenskenmerke van die mens, te wete die feit dat die mens 'n wese is wat opvoed en onder andere 'n sosiale wese is wat nie in isolasie bestaan nie maar deel is van 'n samelewing (Pretorius, 1988:4). Dit is nie moontlik dat die mens oor opvoeding en opvoedingsverhoudinge besin sonder om aan laasgenoemde grondfeit aandag te skenk nie.

1.7.3.3 Psigo-opvoedkunde

In die Psigo-opvoedkunde word alle aspekte van die ontwikkeling van die mens-in-opvoeding in sy weg na uiteindelijke volwassenheid onder die vergrootglas geplaas (Van der Walt, 1980:54-55 ; Schoeman, 1983:86). Die psigiese is tog deel van die mens as eenheid (vergelyk paragraaf 2.2.1.5.9) en daarom is die Psigo-opvoedkunde nie net beperk tot die psigiese funksie van die mens in die modale sin van die woord nie, maar word die ontwikkeling van die mens ondersoek vanaf die geloofsaspek regdeur tot by die fisiese aspek (vergelyk paragraaf 2.2.1.5.6). Deur waarnemingsprosedures deurvra die Psigo-opvoedkunde die konkrete opvoedingsgebeure en versamel psigiese feite rondom al die aspekte van die mens in die opvoedingsituasie (Van der Walt, 1980:55). Hierdie navorsing versamel juis ook sodanige inligting en sluit daarom aan by die Psigo-opvoedkunde.

1.7.2.4 Historiese Opvoedkunde

Volgens Barnard, soos aangehaal deur Postma (1990:3) is Historiese Opvoedkunde die deeldissipline van die Opvoedkunde wat hom besig hou met die verskynsel opvoeding soos dit gemanifesteer het deur die eeue. Die waarde van 'n ondersoek van die opvoedingsverskynsel uit die verlede, is dat die resultate van só 'n ondersoek tot meer vrugbare toekomstige opvoedingshandelinge kan lei. Die doel van hierdie deeldissipline van die Opvoedkunde is om aan te toon hoe die opvoedingswerklikheid in die hede slegs na waarde geskat kan word in die lig van die historiese onderbou daarvan (Schoeman, 1983:87).

In hierdie navorsing word 'n oorsig gegee van die verlede en die status quo in Suid-Afrika met betrekking tot die Derde Wêreldkomponent se lewens- en wêreldbeskouing, samelewingsbeskouing (waaronder die gesinslewe) en opvoedingsgedagtes.

1.8 BEGRIPSVERHELDING

1.8.1 Fundamenteel-opvoedkundige ondersoek

Deur 'n fundamenteel-opvoedkundige ondersoek word gevra na beginsels, norme, waardes, uitgangspunte, vertrekpunte en grondslae van opvoeding en opvoedkunde (Van der Walt, 1980:85). Daardeur word onder andere besin oor die wese, doel en sin van opvoeding en opvoedkunde. Uiteindelik lewer só 'n ondersoek verwysingsraamwerke oor opvoeding en opvoedkunde wat deur die ander deelwetenskappe van die Opvoedkunde gebruik word.

1.8.2 Egte en ware opvoeding

Daar bestaan baie definisies en omskrywinge vir die handeling wat bekend staan as opvoeding. Egte opvoeding beskik oor 'n aantal kenmerke wat geldig is vir wyd-uiteenlopende opvoedkundige denkrigtings waarvan die lewens- en wêreldbeskouinge ook verskil (paragraaf 2.5.2). Sodra 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing egter die opvoedingshandeling begin kwalifiseer, kom daar 'n nuwe dimensie by: dan is opvoeding nie slegs eg nie, maar ook waar in ooreenstemming met 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing. Vir die Christen is die lig van die Bybel die enigste maatstaf by 'n omskrywing van egte en ware opvoeding.

Waar hierdie navorsing vanuit Christelike perspektief geskied, word die volgende omskrywing van Van Wyk, soos aangehaal deur Van der Walt en Dekker (1983:178-179) vir (ware en egte) Christelike opvoeding gegee:

"Christelike of Skrifmatige opvoeding kan omskryf word as 'n doelbewuste, opsetlike en waarheidsgenormeerde handeling waarby

('n) mondige persoon(e) wat uit liefde vir God en die naaste gedronge voel en in volle besef van sy roeping m.b.t. tot die kosmos ('n) onmondige persoon(e) help, lei, rig, oorhaal en vorm tot vrywillige en roepingsbewuste aanvaarding en uitlewing van sy roeping om God met sy hele lewe te dien, sy koninkryk op alle terreine uit te brei en sy naaste se heil te soek en te bevorder en die kosmos te ontgin en tot volle ontsluiting te bring."

1.8.3 Verhouding

Die HAT (1976:963) gee 'n baie bondige beskrywing van verhouding, naamlik "onderlinge betrekking". Alhoewel hierdie beskrywing té kursories is, dui dit op een van die belangrikste beginsels van die verhoudingsbegrip. Geen mens kan in volkome isolasie van die res van die wêreld om hom lewe nie (Van der Walt & Dekker, 1983:141). Wat egter goed begryp moet word - ook vir die doel van hierdie navorsing - is dat verhoudinge as sodanig nie bestaan nie. Dit is 'n abstrakte begrip wat eers betekenis kry wanneer daar van iemand wat in verhouding(e) met iemand of iets anders staan, gepraat word (Van der Walt & Dekker, 1983:141). Die woord "onderling" (wedersyds) wat in die HAT (1976:963) se definisie van verhouding voorkom, dui dus op die beginsel dat 'n verhouding eers inhoud kry wanneer daar sprake is van ten minste twee ondersteunende partye. Op sy eie het die begrip "verhouding" dus geen betekenis nie.

Die mens staan in hierdie wêreld in verskeie verhoudinge, naamlik tot die God van die Bybel (of dit wat afgodies in sy plek gestel is), tot sy medemens en tot die wêreld om hom (Dekker, 1983:140) (paragraaf 2.2.1.5.5). Vir die Christen is die verhouding tot God die wortelverhouding waaruit alle ander verhoudinge ontspring (Van der Walt & Postma, 1983:141).

Waar hierdie navorsing spesifiek oor die verhoudinge tussen ouer en kind handel, blyk dit uit bogenoemde uiteensetting dat beide ouer en kind aktief by hierdie verhouding betrokke behoort te wees. Verder moet die kind deur die ouer-kind-verhouding

voorberei word om uiteindelik selfstandig en in harmonie met ander persone in die samelewing, in verskillende verhoudinge te kan staan.

1.8.4 Ouer-kind-opvoedingsverhoudinge

Waar (ouerlike) opvoeding altyd 'n handeling tussen opvoeder (ouer) en opvoedeling (kind) is, word besondere verhoudinge deur hierdie handeling tussen die ouer en kind veronderstel (paragraaf 2.7). Volgens Landman (1983:1-2) behoort daar drie soorte verhoudinge tussen ouer en kind te bestaan, naamlik die begrypingsverhouding, die vertrouensverhouding en die gesagsverhouding (paragraaf 2.7.2).

Die verhouding tussen ouer en kind vertoon in die ideale gesinsituasie 'n bepaalde verloop. Aanvanklik word 'n hulpelose baba aan die ouers toevertrou, wat die ouers om hulp aanroep en waarop die ouers met liefdevolle simpatie en begrip antwoord (Dekker, 1983:152). Met verloop van tyd raak die verhouding egter ryper en raak die kind al hoe meer selfstandig. Die ouers moet deurgaans beskikbaar wees indien hulle kinders raad of leiding nodig het, maar voldoende geleentheid moet aan die kinders gegee word vir die ontwikkeling van verantwoordelikheid om eie besluite te neem en oor eie gedrag te oordeel.

Die besondere aard van die verhouding tussen ouer en kind is geleë in die feit dat dit 'n OPVOEDINGSverhouding is. Sodra daar dus sprake is van 'n volwasse, selfstandige steungewer en identifikasiefiguur wat 'n hulpbehoewende, onselfstandige ontvanger bystaan op die pad na volwassenheid, kan gesê word dat daar 'n OPVOEDINGSVERHOUDING tussen die twee partye bestaan (Landman, 1983:1).

Die harmoniese ouer-kind-opvoedingsverhouding bied die intiemste ervaring van persoonswarmte, liefde en betroubaarheid (Pretorius, 1988:37). 'n Gesonde ouer-kind-opvoedingsverhouding vorm die basis van toekomstige suksesvolle skakeling met die breë

samelewing.

Waar daar in hierdie navorsing soms van die term "ouer-kind-verhoudinge" gebruik gemaak word, impliseer laasgenoemde term ook dat hierdie verhouding primêr gedra en gerig word deur opvoeding.

1.8.5 Gesin

Volgens die HAT (1976:207) word gesin in die breë soos volg gedefinieer: "Groep nou verwante bestaande uit die ouers (ook wel net een ouer) en kinders." Steyn et al. (1990:38) brei hierop uit deur na die gesin - by uitstek in die Westerse samelewing - te verwys as daardie groep mense wat gevorm word deur twee volwassenes van die teenoorgestelde geslag wat 'n goedgekeurde geslagtelike verhouding het en die afhanklike kinders wat uit hierdie verhouding gebore word.

Die Christelike gesin spruit voort uit die Christelike huwelik (Postma, 1987:97). Uit die Woord van God leer die mens baie duidelik dat die gesin in die oorspronklike skeppingsordinansie van God wortel (Erasmus, 1942:9). Die gesin is dus 'n primêre samelewingsverband en rus wat sy hele samestelling betref op bloedverwantskap (Van der Walt & Dekker, 1983:91). Die gesin is dus die intiemste samelewingsverband wat in die biotiese funksie gefundeer is, aangesien die gesinslede aan mekaar verbind word met bloedbande. Verder is die bestemmingsfunksie van die gesin geleë in die etiese funksie (paragraaf 2.2.2.2) omdat dit die taak en roeping van ouers en kinders is om mekaar lief te hê (Postma, 1987:98-99).

Wat 'n omskrywing van die gesin betref, gee Van Dijk, soos aangehaal deur Jordaan (1967:11) 'n definisie waarmee die Christen hom in elke opsig kan vereenselwig:

"Het gezin is het intieme levensverband tussen ouders en kinderen gefundeerd in de natuurlijke afstamming en bloedverwantschap naar de norm der onderlinge liefde."

Pretorius (1988:38) stel dat die gesin die sentrum van opvoeding en saamlewe is. Dit beteken dat die gesin die sentrale en grondliggende opvoedingsmilieu van die kind is en dat daar binne gesinsverband geleer word om met gesinslede saam te lewe, om wedersydse respek vir mekaar te toon en om uiteindelik selfstandig en gebalanseerd in 'n komplekse samelewing op te tree.

Die gesin is volgens Anderson en Lindeman (1930:333) die universele sosiale eenheid van 'n samelewing waaruit alle ander sosiale strukture voortvloei. Binne die gesin word dissipline en stabiliteit in elke individu se lewe verseker (RGN, 1980:1). Hierdie omskrywing van die gesin is vir die doel van hierdie navorsing baie belangrik, aangesien daar onder andere beoog word om aan te toon in watter mate gesonde ouer-kind-verhoudinge 'n bydrae kan lewer tot 'n beter lewensgehalte in Suid-Afrika (vergelyk paragraaf 1.6.4).

1.8.6 Kerngesin

Die mees basiese gesinstipe wat in die hedendaagse samelewing voorkom is die kerngesin (Cilliers, 1974:14 ; Steyn et al., 1990:44). Die kerngesin is tipies saamgestel uit één man en één vrou wat 'n egpaar vorm, tesame met hul afhanklike kinders (Steyn et al., 1990:44).

Die kerngesin is struktureel geïsoleer van die verwantskapsisteem en funksioneer as 'n onafhanklike eenheid in 'n afsonderlike woning (Steyn et al., 1990:101 ; Cilliers, 1974:17) (vergelyk paragraaf 3.3.3.2).

1.9 METODOLOGIESE VERANTWOORDING

1.9.1 Teoretiese onderbou

1.9.1.1 Inleiding

As gevolg van die besondere aard van die verskillende deelwetenskappe van die opvoedkunde, is daar 'n definitiewe verskil tussen die navorsingmetodes van elkeen afsonderlik (Van der Walt, 1982:29). Volgens Stoker (1961:49) is 'n metode 'n verantwoordelike, doelstellende en doelverwesenskaplike menslike handelwyse. Waar wetenskap beskou word as kennis met bepaalde grense, word 'n wetenskaplike metode beskryf as 'n beplande, verifiërende en sistematiserende handeling waardeur wetenskap gevorm word van dít wat wetenskaplik kenbaar is (Stoker, 1961:52).

Ten einde 'n wetenskaplike produk te verseker, is daar in hierdie navorsing van wetenskaplike metodes gebruik gemaak wat eie aan die Fundamentele Opvoedkunde is en wat die toets van die Heilige Skrif kan deurstaan (vergelyk paragraaf 1.9.1.3.2).

1.9.1.2 Literatuurstudie

'n Deeglike en goed beplande literatuurstudie vorm die basis van alle goeie navorsing (Potgieter et al., 1991:24 ; De Wet et al., 1981:39). Enige navorsers moet homself vooraf deeglik vergewis hoe hy wetenskaplik met die bronne wat hy gaan bestudeer, te werk sal gaan (Van der Walt, 1984:612). Met 'n deeglike literatuurstudie word die interpretasie van die eie navorsingsresultate ook vergemaklik.

Ten einde 'n verwysingsraamwerk vir hierdie navorsing moontlik te maak (vergelyk Bylae A) waarteen die bevindinge van die empiriese ondersoek (paragraaf 4.4) getoets kan word, is 'n uitgebreide literatuurstudie onderneem wat die teoretiese beginsels van gesonde ouer-kind-opvoedingsverhoudinge blootlê (hoofstuk 2). Verder is 'n literatuurstudie gedoen om lig te werp op die opvoedingsgedagtes (waaronder ouer-kind-opvoedingsverhoudinge) van die tradisionele en die hedendaagse half-verwesterde swartmense van Suid-Afrika; daar word onder

andere gekyk na die verskeidenheid aanpassings wat hierdie mense in die stede moet maak en die probleme wat hiermee gepaard gaan (paragraaf 3.5.4).

Vir hierdie navorsing is die volgende literatuurstudie uitgevoer:

Katalogusse in biblioteke is geraadpleeg om boektitels onder die verskillende trefwoorde in die titel van die navorsing te soek. Ook is onder sekere skrywers se name na verwysingsbronne gesoek en bronnelyste van werke is geraadpleeg.

Sekondêre bronne is geraadpleeg in gevalle waar die oorspronklike bron nie opgespoor kon word nie en in gevalle waar byvoorbeeld kultuur-historiese agtergrond verkry moes word.

Verder is daar gereeld rekenaarsoektogte gedoen met behulp van databasisse soos die van die RGN en ERIC-DIALOG, waardeur trefwoorde en kernbegrippe op die terrein van die ondersoek vir die rekenaar ingevoer is. Daar is ook van INEG-soektogte gebruik gemaak veral met die oog op die aktualiteit van die navorsing. Woordeboeke is onder andere gebruik ten einde lig te werp op die betekenis van sekere kernbegrippe.

1.9.1.3 Drie kante van die navorsingsmetode van die Fundamentele Opvoedkunde

1.9.1.3.1 Inleiding

Volgens Van der Walt (1983a:164) kan Skrifmatige fundamenteel-opvoedkundige metodologie in terme van die hermeneutiese, die strategiese en die instrumentele kante daarvan beskryf word.

1.9.1.3.2 Hermeneutiese kant

Die woord "hermeneuties" is afgelei van die Griekse woord hermeneutikos, wat weer op sy beurt afgelei is van hermeneus, wat op 'n tolk of vertolker dui (Van der Walt, 1980:64). Die woord

"hermeneuties" beteken dan "interpretasie, betekenis of sin".

Met die hermeneutiese kant van die metodologie van die Fundamentele Opvoedkunde word dus bedoel die sin-, betekenis- of interpretasiekant daarvan. 'n Bepaalde betekenis word dus aan die ondersoekmetode van die Fundamentele Opvoedkunde geheg (Van der Walt, 1982:29). Op sigself het geen wetenskaplike metode enige sin en betekenis nie, maar in die hande van die opvoedkundige verkry die bepaalde metode in die toepassing daarvan 'n besondere betekenis - in ooreenstemming met die bepaalde wetenskaplike se vooronderstellinge en teoretiese grondideë (Wiersma, 1969:23 ; Van der Walt, 1980:84). In die hande van die Christen=opvoedkundige behoort die toepassing van opvoedkundig-wetenskaplike metodes en strategieë - soos ook in hierdie navorsing - die ryke sin van diensbaarheid aan God te hê; in ooreenstemming met die vooronderstellinge (aannames) wat uit die Christelike lewens- en wêreldbeskouing geformuleer is (Van der Walt, 1983c:29).

Die hermeneutiese aspek van die navorsingsmetode van die Fundamentele Opvoedkunde bestaan uit drie fasette, naamlik die transendentiaal-empiriese metode, die hermeneutiese betekenis van vooronderstellinge (regulatiewe ideë of perspektiewe) van die opvoedkundige in die beoefening van die opvoedkunde en die rol van die Woord van God in die beoefening van hierdie deelwetenskap (Van der Walt, 1982:29).

Die transendentiaal-empiriese metode

Volgens Dooyeweerd (1969:86-87) het elke soort wetenskaps=beoefening 'n transendentale fondament (vooronderstellinge, regulatiewe idees, perspektiewe, grondslae) wat die wetenskap en die wetenskaplike denke bepaal en beperk; ook in die beoefening van die Opvoedkunde as wetenskap. Dit is juis om hierdie rede dat daar 'n fundamentele verskil in die verskillende modelle van opvoedkundebeoefening bestaan (Dooyeweerd, 1960:2-3). Só byvoorbeeld verskil die vooronderstellinge van die positivistiese

model van opvoedkundebeoefening geheel en al van byvoorbeeld die fenomenologiese of die Christelike modelle van opvoedkunde=beoefening. Waar hierdie navorsing vanuit Christelike perspektief geskied, word daar deurgaans van Christelike vooronderstellinge gebruik gemaak. Ook by die beoordeling van die toereikendheid al dan nie van die ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in die swart dorp Ikageng, word daar van 'n Christelike model as verwysingsraamwerk gebruik gemaak (Bylae A).

Deur die transendentale aspek van die transendentaal-empiriese metode, word teruggevra na die vooronderstellinge wat die Opvoedkunde as wetenskap vir die opvoedkundige ten grondslag lê. Wat die empiriese aspek van hierdie metode betref, word in essensie deurgevra na die grondliggende (transendentale) strukture van die betrokke opvoedingsvraagstuk soos dit in die ervaringsveld van die opvoedkundige voorkom (Schoeman, 1978:801 ; Schoeman, 1983:54). Daar bestaan dus 'n verband tussen nagevorste empiriese gegewens en die vooronderstellinge van die bepaalde model van wetenskapsbeoefening - in hierdie navorsing, die Christelike model. Dit is belangrik om te besef dat bepaalde vooronderstellinge slegs vir dáárdie groep opvoedkundiges geld wat dieselfde lewens- en wêreldbeskouing huldig waaruit die vooronderstellinge oorspronklik geformuleer is (Van der Walt, 1983c:29).

Waar hierdie navorsing vanuit Christelike perspektief geskied, word daar met die vooronderstellinge vereenselwig wat uit die Christelike lewens- en wêreldbeskouing gesistematiseer is.

Die hermeneutiese betekenis van vooronderstellinge

Die werking van die vooronderstellinge van die opvoedkundige in die opvoedkundebeoefening, moet duidelik teenwoordig wees (Van der Walt, 1980:69). Hierdie vooronderstellinge speel 'n definitiewe en bepalende rol met betrekking tot die opvoedingswerklikheid en opvoedkundebeoefening.

Die rol van die Woord van God

Die Christenopvoedkundige erken ronduit die bepalende rol wat vooronderstellinge in die beoefening van die opvoedkunde speel. Wat belangrik is, is die oorsprong van hierdie vooronderstellinge en waarom hierdie vooronderstellinge eisend in die opvoedkunde=beoefening is (Van der Walt, 1980:69). Vir die Christen lê die antwoorde op hierdie vrae verborge in die Woord van God. Vir die Christen is die Bybel méér as net die Heilige Skrif, dit is ook die Boek van die lewe (Van der Walt, 1980:69). Wie waarlik volgens die Woord van God lewe, sal dus sy vooronderstellinge aangaande God, mens, wêreld en sy roeping op aarde in soveel woorde bely en aktief uitleef.

Hierdie vooronderstellinge of belydenis - wat dan 'n uitdrukking is van die mens se geloof in die Woord van God - lei die mens in alles wat hy doen; ook in sy beoefening van die (Opvoedkunde as) wetenskap (Van der Walt & Dekker, 1983:14). Die Woord van God word dan ook deur die Christenopvoedkundige as enigste maatstaf gebruik met onder andere die keuse van wetenskaplike metodes wat gebruik mag word (vergelyk paragraaf 1.9.1.1). In hierdie navorsing word deurgaans slegs van wetenskaplike metodes gebruik gemaak wat die toets van die Woord van God kan deurstaan.

Die Godsopenbaring mag nooit gedegradeer word tot 'n wetenskaplike handboek waaruit antwoorde op wetenskaplike vrae afgelees word nie (Schoeman, 1978:793). Om dié rede word deurgaans in hierdie navorsing van Skrifperspektiewe gepraat waardeur die Woord van God as geheel gebruik word om die denke en handeling van die navorsing te rig en te lei.

1.9.1.3.3 Strategiese kant

Die navorsingsmetode van die Fundamentele Opvoedkunde vertoon ook 'n strategiese kant. Daarmee word bedoel dat bepaalde strategieë of "benaderingsplanne" gebruik word in die aanpak van 'n spesifieke opvoedingsvraagstuk (Van der Walt, 1982:29-30). 'n

Wetenskaplike strategie is 'n breë benaderingswyse of beplanning van metodes in die wetenskap (Van der Walt, 1980:74). Dit is dus méér as 'n wetenskaplike metode; dit is naamlik die plan van aksie waarin bepaalde wetenskaplike metodes tot toepassing gebring word om sodoende die wetenskaplike ondersoek sinvol te laat verloop.

1.9.1.3.4 Instrumentele kant

Met die instrumentele kant van die metodologie van die Fundamentele Opvoedkunde word bedoel dat die fundamenteel-opvoedkundige in die loop van sy navorsing bepaalde wetenskaplike instrumente of metodes gebruik ten einde die doelstellings van die navorsing suksesvol te bereik en die navorsingsprobleem so sinvol as moontlik op te los (Van der Walt, 1982:30). Wiersma (1968:22) stel dit soos volg: "The methods of research are the tools by which we attack the problem."

Wat deurgaans belangrik is, is dat die toepassing van elke wetenskaplike metode ingebed is in die vooronderstellinge of lewensopvatlike standpunt van die persoon wat dit toepas (Van der Walt, 1980:80). Geen metode kan op sigself geldige opvoedkunde-kennis lewer nie. Hierdie navorsing is dan ingebed in die Christelike vooronderstellinge soos wat dit uit die Woord van God gesistematiseer is.

1.9.1.4 Begrippe- en terme-ontleding

Hierdie metode vorm een van die mees basiese metodes van die opvoedkundige as wetenskaplike. Daarmee word verseker dat hy die opvoedings- en opvoedkundeterminologie wat hy gebruik, deeglik begryp (Van der Walt, 1980:74). Sorg moet gedra word dat daar nie opgegaan word in volslae taalanalise van begrippe deurdat woorde en begrippe ontleed word sonder om dit daarna weer saam te voeg nie. Eers wanneer die kernbegrippe van hierdie navorsing deeglik begryp word (vergelyk paragraaf 1.8), kan sinvol daarmee omgegaan word in die res van die ondersoek.

1.9.1.5 Prinsipieel-besinnende metode

Die prinsipieel-besinnende metode is 'n metode waarvolgens deur prosesse van besinning en herbedinking tot sekere fundamenteel-opvoedkundige insigte, gevolgtrekkings en bevindinge gekom word (Van der Walt, 1982:37-38).

Op grond van die opvoedkundige se vooronderstelling word uitsprake gemaak wat gewoonlik nie empiries aan die werklikheid toetsbaar is nie. Dit kan egter wel die toets van die navorser se religieuse grondmotief deurstaan; vir die Christen word alle uitsprake en bevindinge getoets aan die Woord van God. Verder word daar deur besinning en herbedinking van bepaalde vraagstukke van fundamenteel-opvoedkundige belang, uiteindelik tot 'n eie standpunt gekom.

In hierdie navorsing word alle uitsprake en standpunte getoets aan die Christelike religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing - soos deur God geopenbaar in die Heilige Skrif.

1.9.1.6 Transendentiaal-kritiese metode

Om die stempel van wetenskaplikheid op 'n navorsingsprojek af te druk, moet enige navorser in sy wetenskapsbeoefening oor 'n kritiese ingesteldheid beskik (Landman, 1980:43).

In die beoordeling van standpunte en van wetenskaplike resultate in die Opvoedkunde het die opvoedkundige behoefte aan 'n strategie waarmee hy nie slegs die lewensbeskoulike vooronderstelling van sodanige standpunte en resultate kan blootlê nie, maar ook logiese en ander swakhede in 'n aangebode stuk opvoedkunde krities kan beoordeel (Van der Walt, 1980:77). Hiervoor is die transendentiaal-kritiese strategie onontbeerlik, aangesien dit teorieë wat vir die Opvoedkunde op Skriftuurlike grondslag 'n bedreiging inhou, krities evalueer en indien nodig aan die kaak stel (Van der Walt, 1982:41). In hierdie navorsing word ook deurgaans 'n kritiese ingesteldheid gehandhaaf; waar van

toepassing, deur al vier die fases soos in die volgende aantal paragrawe uiteengesit.

Hierdie strategie beweeg deur die volgende vier fases: immanente kritiek, transendentale kritiek, transendente kritiek en eksheretiese kritiek (Van der Walt, 1988a:23 ; Schoeman, 1983:80-82 ; Van der Walt, 1988b:225).

Immanente kritiek

Die betekenis van die begrip "immanent" dui op die kern van hierdie metode van kritieklewering. "Immanent" beteken naamlik "binne-in". Immanente kritiek is derhalwe kritiek wat voortvloei nadat 'n mens jouself binne-in die gedagtegang van 'n bepaalde skrywer geplaas het en daardeur vasstel of sy gedagtegang deurgaans vanuit dieselfde uitgangspunte geskied (Strauss, 1978:1-5).

Deur immanente kritiek word gelet op interne swakhede soos redenasiefoute, teenstrydighede, onlogiese stellings en ander foute wat die opvoedkundige - waarvan die bron bestudeer word - in sy denke maak (Van der Walt, 1980:77 ; Van der Walt, 1982:42 ; Van der Walt, 1988b:225). Verder word argumente aangedui wat in stryd is met 'n bepaalde stand van sake waaroor daar reeds geldige wetenskaplike insigte verwerf is (Schoeman, 1983:80).

Transendentale kritiek

Dooyeweerd (1960:1-2) het aangetoon dat wetenskaplike denke nooit outonoom is nie maar afhanklik van grondliggende (transendentale) vooronderstellinge (vergelyk paragraaf 1.9.1.3.2). Die Christenopvoedkundige is in sy denke en handeling ten volle afhanklik van die wetenskaplike vooronderstellinge (paragraaf 1.9.1.3.2) wat gegrond is op die Christelike religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing (Schoeman, 1983:81).

In hierdie fase van kritiek word dus deurgevra na die teoretiese en voor-teoretiese vooronderstellinge en uitgangspunte waarop 'n betrokke denker waarvan die bron bestudeer word, sy standpunt baseer (Van der Walt, 1988b:225). Met behulp van hierdie fase kan alle -ismes (kosmologiese verabsolutteringe) blootgelê word (Van der Walt, 1980:77).

Die religieuse grondmotief, teoretiese en voor-teoretiese vooronderstellinge van die skrywer waarvan die bron bestudeer word, word dus deur hierdie fase blootgelê (Dooyeweerd, 1960:4-6). As dit onversoenbaar is met die eie, moet 'n suiweringsproses eers plaasvind alvorens van die gewens gebruik gemaak kan word.

Transendente kritiek

In hierdie fase is die stel en verantwoording van die eie standpunt ter sprake, nadat reeds met behulp van die ander fases deeglik kennis geneem is van ander standpunte (Strauss, 1978:1 ; Schoeman, 1983:81).

Eksheretiese kritiek

Met behulp van hierdie fase van die transendentiaal-kritiese strategie, stel die navorser vas wát hy in die denke van die skrywer (wie se bron bestudeer is) aanvaarbaar, uitvoerbaar en toepaslik volgens sy eie gedagtegang vind (Van der Walt, 1988b:225).

1.9.1.7 Probleem-historiese metode

Hoewel die fundamenteel-opvoedkundige hom in die reël nie met historiese vraagstukke besig hou nie, is dit tog belangrik dat daar kortliks op die historiese aanloop van 'n bepaalde fundamenteel-opvoedkundige probleem gelet word (Van der Walt, 1982:39). Daar word dus met hierdie metode teruggekeer na die kultuur-historiese konteks waarin die oorspronklike skrywer hom bevind het (Van der Walt, 1988b:224 ; Wiersma, 1969:290).

Sonder 'n blik op die historiese aanloop van hedendaagse probleme, kan die ware kontoere van hierdie probleme nie in die regte perspektiewe gesien word nie. Deurdat 'n sekere vraagstuk of verskynsel in historiese konteks beskou word, kry die navorser beter begrip vir die tyds- en plekomstandighede van 'n gebeurtenis of verskynsel in die verlede (Postma, 1990:18 ; Van der Walt, 1988a:21). Met die probleem-historiese metode word daar gefokus op die kultuur-historiese agtergrond van die bepaalde probleem of verskynsel waaroor die navorsingsprojek handel (Dooyeweerd, 1960:85-86). In hierdie navorsing word verskeie aspekte rondom ouer-kind-verhoudinge van naderby bekyk. Met behulp van die probleem-historiese metode word die gesinslewe van die uitgebreide gesinstipe soos dit in die vóór-industriële tydperk voorgekom het, in die konteks van daardie tyd ondersoek (paragraaf 3.2.4). Verder word gekyk na die invloed van die Industriële Revolusie - wat in die jaar 1750 in Engeland geïnisieer is - op die gesinstruktuur en gesinslewe soos wat dit ook in Suid-Afrika sy verloop geneem het (paragraaf 3.3.3).

Die swartmense van Suid-Afrika word verder ten opsigte van hulle lewens- en wêreldbeskouing, samelewingsbeskouing en opvoedingsgedagtes in hulle tradisionele milieu bekyk (paragraaf 3.4) om sodoende begrip te hê vir die probleme wat menige hedendaagse swart gesin in die stede ervaar (paragraaf 3.5). Sodra 'n probleem of verskynsel in historiese konteks beskou word, word die verloop van gebeure wat tot die hedendaagse probleem aanleiding gegee het begryp en kan daar makliker tot oplossings vir en besluite ten opsigte van die hedendaagse probleem gekom word (Wiersma, 1968:290).

Hierdie metode staan onder sommige opvoedkundiges bekend as **hermeneutiek**, wat op die "wetenskap van interpretasie" dui (Postma, 1990:17 ; Van der Walt, 1984:616). Die navorser moet die vermoë ontwikkel om hom los te maak van sy eie tyds- en plekomstandighede en hom oor te plaas in die tyd en plek van die geskrewe stuk.

1.9.1.8 Samevatting

Sodra verskillende geskikte kenmetodes vir die oplossing van die bepaalde probleem toegepas word - waar elkeen afsonderlik en almal tesame die lig van die Skrif as die Woord van God kan verdra - is daar sprake van 'n ewewigtige benadering in wetenskapsbeoefening. Slegs één navorsingsmetode sal dus nie aan die fundamenteel-opvoedkundige voldoende insig in die aard van die verskynsel onder oë verskaf nie (Van der Walt, 1982:43).

Juis om hierdie rede is daar in dié ondersoek gebruik gemaak van 'n verskeidenheid van kenmetodes.

1.9.2 Empiriese ondersoek

1.9.2.1 Doel

Die doel van die empiriese ondersoek is:

1.9.2.1.1 om vas te stel in watter mate gesonde ouer-kind-opvoedingsverhoudinge - soos blootgelê deur die literatuurondersoek - in kerngesinne in Ikageng (nie) tot hulle reg kom (nie),

1.9.2.1.2 om die resultaat van die empiriese ondersoek só te gebruik dat ontoereikende of harmoniese eienskappe van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge waar van toepassing onderskeidelik vermy of geïmplementeer kan word vir uiteindelijke gesonder verhoudinge.

1.9.2.2 Meetinstrument

Persoonlike onderhoude aan die hand van gestruktureerde vraelyste, wat met behulp van 'n proeflopie gekontroleer is, is as meetinstrument vir hierdie navorsing gebruik (paragraaf 4.3.1).

1.9.2.3 Populasie

Die bereikbare populasie is die hele bevolking van die swart dorp Ikageng wat na raming 90 000 mense tel (paragraaf 4.3.2).

1.9.2.4 Steekproef

Die munisipale gebied van Potchefstroom is in 10 streke verdeel - wat woongebiede, nywerhede, besighede en hospitale insluit. Met behulp van sistematiese steekproefneming, is sekere besoekpunte vir die veldwerkers geïdentifiseer. Respondente is dus by hul onderskeie werksplekke ondervra en nie by hul huise in die dorp Ikageng, soos oorspronklik beplan is nie. Twee swart veldwerkers kon egter hul onderhoude wel in Ikageng sêlf voer (vergelyk paragrawe 4.3.1.9 en 4.3.3).

1.9.2.5 Statistiese prosedure

Statistiese verwerkings is met die SAS-programpakket gedoen (paragraaf 4.3.4).

1.10 HOOFSTUKINDELING

In die lig van wat in die voorafgaande paragrawe in die vooruitsig gestel is, is die studie soos volg beplan:

HOOFSTUK 1

Oriëntering, probleem- en doelstellings en metodologiese verantwoording

HOOFSTUK 2

'n Fundamenteel-opvoedkundige presisering van gesonde ouer-kind-opvoedingsverhoudinge

HOOFSTUK 3

Enkele gesinstipes en die invloed van die Industriële Revolusie, kerstening en verstedeliking op die lewe van die tradisionele swartman

HOOFSTUK 4

Empiriese ondersoek na die aard van ouer-kind-opvoedings= verhoudinge binne kerngesinne in Ikageng

HOOFSTUK 5

Bevindinge, gevolgtrekkings en aanbevelings

1.11 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die konteks en agtergrond van die navorsing aangedui, asook die aktualiteit en die noodsaaklikheid daarvan. Verder is die probleemstelling en navorsings= doelstellings gegee, die terrein van die navorsing is afgebaken, die belangrikste begrippe is omskryf en daar is verantwoording oor die metodologie van die navorsing gedoen.

Alvorens die stand van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in praktyk in Ikageng getoets kan word, is dit allereers noodsaaklik om 'n teoreties-ideale verwysingsraamwerk van ouer-kind-opvoedings= verhoudinge aan te dui. Hierdie raamwerk dien dan as toetssteen (Bylae A) om die toereikendheid (al dan nie) van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in geïdentifiseerde kerngesinne in Ikageng vas te stel.